education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V2

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 ure

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye met 1 formulablad ingesluit

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beanwoord AL die vrae.

2. “n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. ‘n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is voorsien aan die agterkant van hierdie vraestel. Jy mag dit gebruik indien nodig.

4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

5. Jy mag ‘n niegeprogrammeerde sakrekenaar gebruik.

6. Jy mag ‘n donker potlood of swart/blou ink gebruik om jou vrae te beantwoord.

7. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale plek.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel as 'n gids om vraestel te beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG 1: 35 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vervaardiging	**Bestuursrekeningkunde**
	Grootboekrekeninge
	Gelykbreekpunt
	Interne kontrole

VRAAG 2: 39 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Rekonsiliasies	**Bestuursrekeningkunde**
	Bankversoening
	Krediteurerekonsiliasie
	Interne kontrole

VRAAG 3: 23 punte; 20minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Waardasie van vaste bates	**Finansiële rekeningkunde**
	Bateverkope
	Notas tot die finansiele state

VRAAG 4: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begroting en Finansiele aanwysers	**Finansiële rekeningkunde**
	Debiteure-invorderingskedule
	Kontantbebroting
	Finansiële aanwysers

VRAAG 5: 8 punte; 10 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
BTW	**Finansiële rekeningkunde**
	BTW

VRAAG 1: VERVAARDIGINGS (35 PUNTE; 25 minute)

1.1 Eenheidskoste-berekeninge

Jy word voorsien van die volgende inligting rakende Crossroad Tafel Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die fabriek maak houttafels vir spyseniering.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die direkte materiaalkoste per eenheid. (3)

1.1.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. (4)

1.1.3 Is die besigheid veronderstel om tevrede te wees met die aantal eenhede wat vervaardig is gedurende 2019? Verduidelik deur relevante inligting en syfers te gee.. (4)

1.1.4 Die direkte materiaalkoste per eenheid was R152 vir 2018. Verduidelik EEN rede vir die verskil in die koste oor die algelope twee finansiële jare. (2)

INLIGTING VIR DIE JAAR GEëINDIG 28 FEBRUARIE 2019

A.

	Totale Koste	**Per Eenheid**
Direkte materiaalkoste	768 960	?
Direkte arbeidskoste	224 640	R52
Totale veranderlike koste	1 058 400	R245
Totale vaste koste	518 400	R120
Verkope	1 728 000	R400

B. Addisionele inligting

- Die besigheid het gedurende die jaar 4320 tafels gemaak en verkoop.
- Daar was geen goedere-in-bewerking aan die begin en einde van die finansiële jaar nie.

1.2 **WISHY-WASHY VERVAARDIGERS**

Die besigheid vervaardig wasmasjiene en verkoop dit teen ‘n winsopslag van 70% op kosprys. Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel vir klaarprodukte en die periodieke voorraadstelsel vir roumateriaal en indirekte materiaal.

GEVRA:

1.2.1 Berei die Grondstofvoorraad rekening voor. (7)

1.2.2 Bereken die Direkte arbeid en fabrieksbokoste. (15)

INLIGTING:

A. Die volgende saldo’s het onder andere, in die grootboek in die begin en einde van die finansiele jaar verskyn.

	1 Maart 2018	**28 Februarie 2019**
Grondstofvoorraad	95 000	110 500
Goedere-in-bewerking	71 500	191 600
Klaarprodukte	480 000	96 200
Indirekte materiaal	20 500	18 000

B. Transaksies gedurende die jaar

a. Roumateriaal aangekoop op krediet, R521 000.

b Betaal om roumateriaal te vervoer na die fabriek, R29 500.

c. Indirekte materiaal vir, R77 500,kontant aangekoop.

d. Lone vir fabriekswerkers van R300 800. (ingesluit die besigheid se bydrae tot pensioen van R28 000).

e. Salaris betaal aan die fabrieksvoorman, R105 000.

f. Kommissie betaal aan verkoopspersoneel, R90 000.

g. Instandhouding van fabriekstoerusting betaal, R37 000 (‘n verdere R11 000 is nog uitstaande).

h Water en elektrisiteit betaal, R21 000 (dit moet verdeel word tussen die fabriek en die kantoor in die verhouding 4:1).

i. Huur betaal, R108 000 (die fabriek moet 80% van die huur betaal).

j. Waardevermindering van fabriekstoerusting beloop R60 500.

35

VRAAG 2: REKONSILIASIES (39 punte; 30 minute)

2.1 BANKVERSOENINGSTAAT

Jy word voorsien van inligting vanuit die rekords van Noord-wes Handelaars vir Augustus 2019.

GEVRA:

2.1.1 Verskaf **TWEE** redes waarom dit belangrik is vir besigheid om maandeliks ‘n Bankversoeningstaat op te stel. . (4)

2.1.2 Verduidelik hoekom die boekhouer tjeknr. 706 gekanselleer het. In watter joernaal het hy die inskrywing vir die kansellasie gedoen? (3)

2.1.3 Berei die Bankversoeningstaat voor op 31 Augustus 2019. (9)

INLIGTING
:

1. Die volgende tjeks was gelys as uitstaande op die Bankversoeningstaat van 31 Julie 2019

   - Nr. 706 (gedateer 16 Februarie 2019) R500
   - Nr. 949 (gedateer 28 Julie 2019) R3 200
   - Nr. 950 (gedateer 30 September 2019) R1 800

   Die boekhouer het alreeds tjeknr. 706 gekanselleer toe hy die kontantjoernale opgedateer het.

   Tjeknr. 949 verskyn op die Bankstaat van 12 Augustus 2019.

2. ‘n Deposito van R13 800 gemaak op 31 Augustus verskyn nie op die Bankstaat nie.

3. Die volgende tjeks uitgereik gedurende Augustus 2019 verskyn nie op die Bankstaat van Augustus nie.
   - Nr. 980 R8 400
   - Nr. 992 R4 420

4. ‘n Deposito van R10 000 verskyn slegs op die Bankstaat. Jy stel ondersoek in en vind dat die bank hierdie fout in die rekening van Noord-wes Handelaars aangeteken het. Die bank sal die fout in September 2019 regstel.

5. Die Bankstaat toon ‘n gunstige saldo van R6 380 op 31 Augustus 2019.

2.2 KREDITEUREREKONSILIASIE

Inligting vanuit die boeke van Govender Handelaars op 30 April 2019 is voorsien.

GEVRA:

Rekonsilieer die Krediteurekontrolerekening se saldo met die van die Krediteurelys. Dui aan 'n vermeerdering met (+) en 'n vermindering met (-) vir elke getal. (9)

INLIGTING:

A. Saldo en totale op 30 April 2019 (voor inligting B)

Krediteurekontrolerekening in die Algemene grootboek	R184 870
Totale van die Krediteurelys	R170 490

B. Foute en weglatings:

(a) Die Krediteure-afslagjoernaal was foutiewelik afgesluit as R15 400 in plaas van R18 500.

(b) 'n Faktuur van R20 000 vir handelsvoorraad aangekoop vanaf 'n krediteur, CRP Verskaffers, was korrek aangeteken in die onderskeie joernaal. Die boekhouer het vergeet om dit oor te boek na die verskaffer se rekening in die Krediteuregrootboek. Neem in ag dat 'n deposito van 20% was betaal op hierdie faktuur.

(c) Die boekhouer het 'n debietnota van R2 360 na die verkeerde kant van die krediteure se rekening oorgeboek. Oorboeking na die Algemene grootboek was korrek gedoen.

(d) 'n Kredietsaldo van R27 000 vanuit die debiteuregrootboekrekening van SK Handelaars moet oorgedra word na die rekening in die krediteuregrootboek.

2.3 INTERNE KONTROLE

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Die gereelde boekhouer van Thaba Fashion Designs het verlof geneem.
Lethabo Mooi is aangestel deur die werkersagenskap om waar te neem vir daardie tydperk. Sy het die volgende waarnemings gemaak:

A. Die Bankversoening was nie opgestel vir die laaste twee maande nie.

B. Twee tjeks was nie aangeteken in die Kontantbetalingsjoernaal nie. Beide tjeks en die teenblaaie is netjies verwyder uit tjekboek.

C. Tjeknr. 1555 was uitgereik aan die eienaar vir sy persoonlike gebruik. Die tjek was aangeteken as "Donasie".

Bogenoemde was verwys na die bestuurder alhoewel hy geen kennis van die rekeningkundige prosedures en interne kontrole het nie.

GEVRA:
:

2.3.1 Watter DRIE stappe moet geneem word aangaan die twee verlore tjeks? (6)

2.3.2 Wat is die implikasies om "Onttrekkings" aan te teken as " Donasies" aan te teken (2)

2.3.3 Maak DRIE voorstelle aan bestuur vir die effektiewe kontantkontrole, binne die konteks van die uittreksel. (6)

39

VRAE 3: BATEVERKOPE (23 punte; 20 minute)

Die volgende inligting was verkry vanuit die boeke van Little Sores. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2019.

GEVRA:

3.1 Stel die Bateverkoperekening op. (8)

3.2 Voltooi die Vaste batenota vir toerusting in die balansstaat op 30 Junie 2019. (10)

3.3 Jy was onlangs aangestel as die boekhouer se assistent en jou taak vereis dat jy kontrole oor die vaste bates moet uitoefen. Gedurende die nagaan van toerusting het jy agter gekom dat 'n skootrekenaar en 'n drukker weg is. Jy ontdek tydens 'n ondersoek dat die boekhouer die toerusting gebruik sodat sy seun sy Graad 11 Rekeningkunde projek kan voltooi. Is die optrede van die boekhouer geskik? Verduidelik watter interne maatreëls in plek gestel moet word om te verhoed dat werknemers die besigheid se bates sal neem vir persoonlike gebruik. (5)

INLIGTING:

1. Saldo's

Toerusting teen kosprys (30 Junie 2019)	R280 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1Julie 2018)	R112 000

2. Nuwe toerusting van R30 000 is aangekoop op 1 Januarie 2019 en geboekstaaf.

3. Geen inskrywing is gemaak vir die ou toerusting wat op krediet verkoop is op 30 Junie 2019 vir R 2000 nie. Die kosprys van die toerusting was R18 000 en die opgehoopte waardevermindering daarop was R14 000 op 1 Julie 2018.

4. Waardevermindering word voorsien op toerusting teen 10% p.j. op kosprys,word voorsien.

23

VRAAG 4: KONTANTBEGROTING, ETIEK EN INTERNE KONTROLE
(45 punte; 35 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Tsietsi Winkels met eienaar T.Tsietsi. Tsietsi winkels maak gebruik van 'n winsopslag van 80% op kosprys.

GEVRA:

4.1 Stel die debiteure-invorderingskedule op vir November en Desember 2019. (Sekere bedrae is aangedui op die antwoordblad) (8)

4.2 Voltooi die kontantbegroting vir twee maande geëindig 31 Desember 2019. (Sekere bedrae is aangedui op die antwoordblad) (21)

INFORMATION:

1. Saldo's op 31 Oktober 2019

Bank (gustig)	R138 400
Lening: Terrie Bank (10%p.j)	R360 000
Vaste deposito teen 6,5%p.j.	R80 000

2. Totale verkope

Werklik	
September	R360 000
Oktober	R374 400
Begrote	
November	R403 200
Desember	R468 000

3. Kredietverkope bedrae 40% van totale verkope.

4. Die gemiddelde invordering vanaf debiteure oor die laaste ses maande was as volg en daar word verwag dat dit die trend sal wees oor die begrote tydperk:

- 25% betaal in die maand van verkope.
- 60% betaal een maand na die maand van verkope.
- 10% betaal twee maande na die maand van verkope.

- Die saldo is afgeskryf in die derde maand na die maand van verkope.

5. Die besigheid vervang voorraad op ‘n maandelikse basis om die voorraadvlak vlak van R200 000 te behou.

6. Die besigheid koop 70% van sy handelsvoorraad op krediet. Krediteure word betaal in die maand wat volg op die maand van aankope om sodoende in aanmerking te kom vir kontantafslag van 5%.

7. ‘n Terugbetaling op ‘n lening van R24 000 is geskeduleer vir 1 Desember 2019. Die rente op lening is maandeliks betaal.

8. Rente op die vaste deposito is kwartaalliks ontvang. Die rente vir die laaste kwartaal van 2019 is betaalbaar op 31 Desember 2019.

9. Salarisse:
   9.1 Die winkelsbestuurder verdien R20 000 per maand. Sy salaris sal egter vanaf 1 Desember 2019 styg met 20%. Hy sal ook ‘n bonus ontvang in Desember gelykstaande aan sy salaris van Desember.

   9.2 Die besigheid stel tien verkoopsassistente aan wat elk R6 000 per maand verdien. Hulle sal ‘n salarisverhoging van 4% verkry vanaf 1 Desember. Hulle kry nie bonusse nie.

10. Die eienaar se maandelikse onttrekkings is as volg:
    - Goedere: R5 000
    - Kontant: R30 000

    Die eienaar beoog om sy kontantonttrekkings te verhoog tot R50 000 in Desember aangesien hy sy familie op vakansie wil neem.

11. Toerusting met ‘n kosprys van R20 000 sal vir kontant aangekoop word teen die begin van Desember.

12. Daar word verwag dat bedryfsuitgawes maandeliks sal vermeerder in lyn met die maandelikse inflasiekoers van 5,7%.

13. Deel van die geboue word onderverhuur teen ‘n maandelikse koste van R5 000.

4.3 FINANSIëLE AANWYSERS

Die volgende inligting was geneem uit die boeke van Nkosi Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Bereken en lewer kommentaar oor slegs die voorraadomsetsnelheid en Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode:

4.3.1	Bruto wins op verkope	(3)
4.3.2	Vooraadomsetsnelheid	(5)
4.3.3	Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	(5)

4.3.4 Gemiddelde betalingstermyn (3)

Saldo's op 28 Februarie 2019, einde van die finansiële jaar

	2019	**2018**
Verkope	585 000	340 000
Koste van verkope	235 000	210 000
Brutowins	350 000	130 000
Debiteurekontrole	35 000	32 000
Krediteurekontrole	47 000	43 000
Handelsvoorraad	40 000	30 000
Voorraadomsetsnelheid	?	8 keer in 'n jaar
Voorraadvoorhande	54.3 days	45.62 dae
Gemiddelde debiteure-invorderings-termyn	?	48 dae
Gemiddelde krediteurebetalingstermyn	?	60 dae

45

VRAAG 5: BTW **(8 punte; 10 minutes)**

Little Supply Winkels is 'n BTW geregistreerde winkel en gebruik die faktuur gebaseerde metode om BTW te betaal. Bereken die bedrag van BTW betaalbaar aan/ontvangbaar vanaf SAID vir Augustus 2019, gegewe die volgende inligting:

Verkope op kontant	R347 000 (sluit R74 000 in van zero-koers items)
Verkope op krediet	R210 000
Aankope van voorraad op kontant	R176 500
Aankope van voorraad op krediet	R214 000 (sluit R89 000 in van zero-koers items en BTW- vrygestelde items)
Aankope van toerusting op krediet	R36 000
Maandelikse huur betaal	R16 000
Maandelikse water en elektrisiteit nie betaal	R24 000
Maandelikse brandstof kontant betaal	R8 760
Bankkoste per bankstaat	R1 275
Salarisse en lone per tjek betaal	R31 000

[8]

TOTAAL: 150

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Vennote se gemiddelde belang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfbates : Bedryfslaste	(Bedryf bates – Voorraad) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-bedryfslaste: eienaarsbelang	Totale bates:Total laaste	

Kopiereg voorbehou